

**22 | LAOS** Poup\*, h pastoor van noordelike Laos, het verskeie dreigement van dorpenaars ontvang nadat meer as 10 mense in die dorpie na Christenskap bekeer het. Bid vir volgehoue wysheid vir pastoor Poup en die gelowiges terwyl hulle steeds bymekaarkom ten spyte van die dreigemente.

**23 | ETHIOPIË** Adane\*, h etniese Somaliër van oostelike Ethiopië, het sy werk verloor nadat h kollega hom vir onbekende redes by die menseregte-kantoor van die Somaliese staat gerapporteer het. Hy is aangesê om terug te keer na Islam. Toe hy weier, is hy in hegtenis geneem, maar genadiglik ook weer kort daarna vrygelaat. Bid vir God se beskerming en voorsiening vir Adane.

**24 | SOMALIË** Omar\* en sy seun Hassan\* kry steeds die koue skouer van hul gemeenskap af, maar hulle bly getrou. Bid dat hulle daaglik die Here se teenwoordigheid en voorsieningheid sal ervaar namate hulle vir Hom lewe, ten spyte van hul gemeenskap se vyandigheid.



**25 | NIGERIË** Bly asseblief bid vir Leah Sharibu wie verlede jaar saam met 104 ander meisies deur Boko Haram ontvoer is. Bid vir die Here se volgehoue genade vir Leah en dat sy gereeld herinner sal word aan die Here se liefde vir haar en teenwoordigheid met haar. Bid ook vir volgehoue genade vir haar familie.

**26 | IVOORKUS** Sedert Maniga, h bejaarde man, sy dorpie se tradisionele oortuigings in 2017 versaak het, ervaar hy druk van die hele dorpie om sy Christelike geloof te herroep, veral van die ander leiers en stamhoofde. Hulle het selfs die land gekonfiskeer wat hy van sy ouers geërf het. Vra die Here om vir Maniga te voorsien en sy geloof te versterk.

**27** Julie (13) het haar rug op haar familie se tradisionele geloof gedraai om Christus te aanbid. As h resultaat het haar oma haar sleggesê, haar geslaan, en gedreig om haar dood te maak. Bid dat die Here haar sal help om hierdie vervolging in dapperheid te verduur en dat Hy haar oma se hart sal verander.

**28 | GAMBIË** h Moslemgemeenskap in Gambië het die begrafnisgronde van h groep Christene gekonfiskeer en dit aan h ryk besigheidsman verkoop, wat die Christene nou in h ernstige verknorsing laat. Bid vir wysheid vir die kerkleiers terwyl hulle na h oplossing soek – mag die Here vir hulle h weg maak om weer hul eie begrafnisgronde te bekom.

**29 | SOEDAN** Ten spyte van die land se ontkenning is daar breedvoerige bewyse van die skending van menseregte in Soedan, insluitende die reg tot godsdiensvryheid. Bid vir wysheid vir die internasionale gemeenskap namate hulle besprekings wil voer met Soedan rakende die baie nodige verbetering van menseregte. Bid vir die Kerk om dapper te bly in hul getuienis.



**30 | LIBANON** Bid dat God se liefde in Sy mense in Libanon geopenbaar sal word en dat die land sal aanhou om h voorbeeld te wees van mense wat saam bly, ten spyte van verskillende kulturele- en godsdienstige agtergronde.

\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.



**Geopende Deure**  
Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

Bid vir ons vervolgte broers enusters gedurende Ramadan 2019



**SPEZIALE UITGAWE**

**RAMADAN | 5 MEI TOT 4 JUNIE 2019**

“Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.” – Matteus 5:9-10 (1983)

**Junie  
2019**



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za

**1 | MALEISIË** Baie Christene van oostelike Maleisië bekeer tot Islam wanneer hulle vir werk of opleiding na westelike Maleisië verhuis. Bid dat Geopende Deure se dissipelskapsopleiding hulle sal help om getrou te bly aan Christus. Veral gedurende hierdie laaste paar dae van Ramadan.

**2 | BANGLADES** Bid vir Christene gedurende hierdie laaste paar dae van Ramadan. Bid dat terwyl die vas tot h einde kom, hulle die sout en die lig vir hul Moslembure sal wees.

**3 | COMORE** Christene in die Comore word deur die wet verbied om openlik oor hulle geloof te praat. Bid dat ten spyte hiervan, hulle lewende getuies sal wees vir die Moslem-meerderheid om hulle.

## LAASTE DAG VAN RAMADAN

**4 | ISLAMITIESE LANDE** Prys God vir alles wat Hy deur Christene in Islamitiese lande gedoen het en vir die saad wat in die lewens van Moslems geplant is. Bid dat hierdie sade sal groei tot in h persoonlike verhouding met Christus. Bid ook dat Christene sal voortgaan om h helder lig vir Christus te wees in elke land waar Islam oorheers.

**5 | EID OEL-FITR** Vandag, aan die einde van hul maandlange vas, vier Moslems rondom die wêreld heen Eid. Dit is h tyd wanneer Moslems na mekaar se vergifnis soek. Bid dat God hulle oë sal oopmaak om te sien dat Jesus Christus die weg na ewige vergifnis is.

**6 | VIËTNAM** Prys God vir die kinders wat deur somerskool in etniese dorpië in Viëtnam bedien word. Bid dat die Here al die koördineerders, onderwysers en vrywilligers sal seën namate hulle voorberei vir hul klasse hierdie maand.

**7 | LIBIË** In Libië is die meeste Christene die enigste gelowiges in hul families. Een so gelowige is Omar\* wie se vrou hom dreig met die burgermagte indien hy nie sy geloof versaak nie. Bid vir krag en wysheid vir Omar en dat sy vrou Christus sal aanvaar.

**8 | MAROKKO** Jasmina\* is h jong Christen wat h kleingroep mense van haar ouderdom lei. Sy ervaar baie druk om te trou en haar geloof te laat vaar. Bid dat God vir haar deurstellingsvermoë sal gee om die druk te weerstaan.

**9 | TUNISIË** Rihala\* is deur haar man verlaat nadat hy uitgevind het dat sy h Christen is. Bid dat God in al haar behoeftes sal voorsien en haar sal beskerm.



**10 | SIRIË** Bid vir jong leiers wat betrokke is by jeug- en kinderbediening. Terwyl die burgeroorlog voortduur kort Siresie kinders goeie rolmodelle soos hulle om na op te kyk. Bid dat dié betrokke by bediening h groot impak sal hê op diegene wat hulle bedien.

**11 | IRAK** Baie mense in Irak is uitgeput vanweë al die trauma en verlies. Bid dat hulle in Jesus skuiling sal soek en deur Sy woorde vertrous sal word: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matteus 11:28).

**12 | OMAN** In Oman is heksery meer openlik deel van Islamitiese praktyke. Towerspreuke en die soeke na beskerming teen bese magte is gereeld deel van gesprekke. Bid dat Christene die waagmoed en wysheid sal hê om hierdie geestelike boosheid te hanteer.

**13 | CHINA** Prys die Here dat Joyce, h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond, vroeër die jaar vrygelaat is nadat sy in 2017 gevange geneem is. Bid dat, terwyl sy nie met ander gelowiges kan kontak maak vanweë die risiko's nie, sy vertrous sal word deur God se Gees namate sy herstel van die beproewing.

**14** In China het die regering alle Christelike aktiwiteite vir jong Christene verban, insluitende somerkampe. Hulle word ook verbied om kerk by te woon. Bid dat, ten spyte van die onderdrukking, die Christenjeug h bonatuurlike honger vir God en h geestelike volwassenheid verby hul jare sal ervaar.

**15 | SUID-ASIË** Bid dat God die verskeie inkomste-genererende projekte vir gelowiges in Suid-Asië sal seën. Bid dat hierdie projekte hulle sal help om vir hul families en mekaar te sorg.

**16 | NEPAL** h Pastoor wat valslik van verkragting deur dorpens beskuldig is, is tot 10 jaar tronkstraf gevonniss, ten spyte van sy onskuld. Bid dat God vir hom sal onderneem en sy vonnis sal opklaar.

**17 | SRI LANKA** Alhoewel die wet in Sri Lanka vereis dat daar h posisie by skole moet wees vir onderwysers in Christelike studies, ervaar hulle gereeld onvriendelikheid. Bid dat God vir hierdie onderwysers sal onderneem en dat hulle standvastig sal wees ten spyte van die ongasvryheid.

**18** Ishka, h Christenonderwyseres, is h klaskamer en sitplekke vir haar Christelike klasse geweier. Sy is ook nog nie h salaris betaal sedert sy by die skool begin werk het nie. Maar sy is vasberade om Christenskap by die skool te bly onderrig. Bid dat God haar sal seën en dat haar leerlinge in hul geloof sal groei.

**19 | MIANMAR** Amper al Myanmar se state word deur burgeroorloë en rebellie geteister. Baie mense is intern ontwortel en is getraumatiseer deur die verwoesting. Bid vir vrede en versoening in die land.



**20 | BHOETAN** Prys God vir ons vennote wat voortdurend hard werk om die Woord van God in hul gemeenskappe te deel en wat die gelowiges in Bhoetan versterk. Bid vir beskerming, goeie gesondheid, wysheid, en onderskeidingsvermoë namate hulle opleiding vir gelowiges koördineer en fasiliteer en dat almal wat dit bywoon ryklik geseën sal word.

**21 | BROENEI** Elke maand ontvang ons berigte van mense wat na Islam bekeer, hoofsaaklik vir finansiële gewin en beroepsbevordering. Bid dat gelowiges nie die slagoffers van hierdie tydelike gewin sal word nie, maar sterk in hul geloof in Christus sal staan.